



Hoe om 'n vrugtefees te hou

Voortrekkers moet pret wees. Hierdie is 'n lekker aktiwiteit om in die somer te doen wanneer vrugte volop is. Dit is ook 'n lekker aktiwiteit om die jaar mee af te skop. Waak teen vermorsing van vrugte.

Graad: 0 tot 12 | **Onderwerp:** Speletjie



Stappe

1. Kyk watter vrugte is beskikbaar en goedkoop. Probeer die vrugte wat in seisoen is te koop.
2. Doen die nodige voorbereiding van die vrugte bv. sny die waatlemoen in stukke, ens.
3. Besluit op die aantal aktiwiteite wat gaan plaasvind. Elke aktiwiteit moet beman word deur 'n volwassene. Die ideaal is dat daar ook 'n volwassene is wat saam met die groep roteer.
4. Verdeel die Voortrekkers in groepe. Elke groep kan 'n vrugtenaam kies bv. die piesangs. Dit is soms beter om die Voortrekkers in ouderdomsgroepe in te deel.
5. Roteer tussen die aktiwiteite.
6. Hier is 'n paar idees vir 'n vrugtefees.

- **Waatlemoen eet**

Verdeel groep in twee's. Sit rug aan rug. Elke persoon ontvang 'n stuk waatlemoen. Die een persoon moet die ander waatlemoen voer. Kyk watter span se waatlemoen is eerste klaar.



- **Vrugte stoot**

Gebruik enige vrug bv. 'n pruim. Groeplede



staan op hulle knieë agter 'n lyn. As die fluitjie blaas, begin groeplede die pruim met hulle neuse stoot. Kyk wie is eerste oor die wenstreep. Hande mag nie gebruik word om die vrug te stoot nie.

- **Lepel en vrugte**

Elke groeplid ontvang 'n lepel en 'n vrug.

Gebruik 'n perske, pruim of lietsjie. Alle groeplede staan agter 'n streep. Sodra die



fluitjie blaas, begin groeplede hardloop. Die persoon wat eerste oor die wenstreep is, wen. Die vrug mag glad nie met die hand vasgehou word nie. Indien die vrug van die lepel afval, moet die persoon terug gaan na die beginstreep. Enige persoon wat nie die reëls nakom nie, word gediskwalifiseer.

- **Druive spoeg**

Elke groeplid ontvang 'n aantal druivekorrels. Begin by 'n punt en laat een vir een 'n beurt kry om te spoeg totdat elkeen sy/haar korrels gespoeg het. Die persoon wat die verste gespoeg het, is die winner. Gebruik 'n merker om aan te dui wat die verste afstand is.

- **Vrug aangee met ken**

Verdeel die groep in twee spanne. Elke span kry 'n vrug om aan te gee. 'n Appel

kan gebruik word. Die eerste persoon ontvang die vrug en moet dit dan vir die tweede persoon met sy/haar ken aangee.



Geen hande mag gebruik word nie. Hou aan totdat die vrug by die laaste persoon is. Die laaste persoon moet dan vorentoe hardloop en die vrug dan weer vir die eerste persoon gee. Die span moet dan gaan sit. Sorg dat daar ewe veel lede in elke span is. Indien dit nie so is nie, moet een spanlid weer agter in die ry val.

- **Appel uit water hap**

Verdeel groep in twee spanne. Die twee spanne staan in 'n ry agter mekaar. 'n Emmer met appels word 'n ent vanaf elke span geplaas. Die voorste spanlede moet hardloop tot by die emmer en die appel met haar/sy mond uit die water haal sonder om haar/sy hande te gebruik. Dan moet die persoon met die appel in die mond terughardloop na die span. Sodra die

persoon daar kom, mag die volgende spanlid hardloop. Die wenspan is die span waarvan elkeen 'n beurt gekry het.



- **Vrugte gooi**

Elke groeplid moet 'n maat hê. Die spanmaats staan oorkant mekaar. Twee-twee ontvang 'n vrug bv. 'n pruim. Persone staan eers 'n meter uitmekaar en gooi die vrug. Sodra die ander persoon die vrug vang, mag die twee 'n tree agteruit gee. Hou so aan. Indien die vrug nie raakgevang word nie, is beide persone uit. Kyk watter twee persone kan die vrug die verste gooi.



- **Spanspek en besems**

Verdeel die groep in twee spanne. Laat spanne teen mekaar hokkie speel met 'n spanspek en grasbesems.



Wenke

1. Bied hierdie aktiwiteit naby 6 April aan.



Waarskuwing

1. Moenie die gat vir die pypie te groot maak nie.
2. Die bootjie vaar maar 'n klein entjie. Dit is egter ver genoeg om vir baie pret te sorg!

